

# Geld kom vir vergifte diere se eienaars

Aldi Schoeman

Royal Canin Suid-Afrika, die plaaslike kat- en hondekosvervaardiger, het gister aangedui hy sal mense vergoed as hul troeteldiere dood is of siek geword het weens 'n gifstof wat in van die kos gevind is.

“Ons sal volle verantwoordelikheid neem,” het mnr. Gregory Watine, besturende direkteur van dié onderneming, tydens 'n perskonferensie gesê.

Watine het gesê hy weet reeds van altesame 30 honde wat aan nierversaking dood is nadat hulle Royal Canin of Vets Choice, wat deur Royal Canin vervaardig word, se hondekos geëet het.

Mnr. Fred Reyers, 'n patoloog en onafhanklike konsultant vir Royal Canin, het gesê diere wat moontlik van die besmette kos geëet het, moet deur 'n veearts ondersoek word.

Hoewel net honde sover bekend is weens gifstof dood is, kan katkos ook besmet wees.

“Ons is baie bang dat ons dalk katte wat siek is of dood is, mis kyk” het Reyers gesê.

Royal Canin het gister bekend gemaak dat die gifstof melamien in kos gevind is wat tussen 8 Maart 2007 en 11 April 2007 in Johannesburg vervaardig is.

Dié kos is in Suid-Afrika en Namibië verkoop.

Volgens Watine word alle “geaffekteerde kos” tans van die rakke afgehaal.

Watine het gesê alle ander Vets Choice- en Royal Canin-produkte is “veilig”.

Volgens Watine is die Suid-Afrikaanse departement van landbou oor die situasie ingelig.

Toetse wat Royal Canin in samewerking met die Suid-Afrikaanse Veeartsvereniging (Sava) gedoen het, het gewys melamien is in koringgluten, 'n proteïenbron wat in die kos gebruik word, gevind.

Dié besmette koringgluten is uit China afkomstig.

Volgens dr. Gerhard Steenkamp, Sava-president, is melamien “ 'n totaal nuwe gifstof” en is daar nog nie beproefde behandeling nie.

“Ons weet nie eers of dit dalk in kos wat mense eet ook voorkom nie,” het Steenkamp gesê.

Steenkamp het gesê veeartse behandel diere wat vermoedelik met dié gifstof besmet is vir akute nierversaking.

“Die diere word dus vir 'n siekte behandel, nie vir 'n spesifieke gifstof nie,” het Steenkamp gesê.

Volgens Steenkamp sal die diere wat só behandel word “geen of min” skade aan hul niere oorhou ná die siekte.

Volgens mnr. Barry Hundley, voorsitter van die Troeteldierkos-instituut, kan melamien-besmette troeteldierkos wêreldwyd 'n probleem wees.

'n Vervaardiger van troeteldierkos in die VSA het ook vroeër vanjaar sy produkte van die rakke laat afhaal nadat honde en katte wat die kos geëet het, siek geraak het en dood is.

Toetse het bevind melamien-besmette koringgluten uit China was die oorsaak.